CACHET
APTEEK
U PLUS APTEEK
Tomstraat 92

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXXI NOMMER 7 — VRYDAG 2 APRIL 1976

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

# Intervarsity 'n reuse prestasie


Die uitbundigheid van die Pukke op die pawiljoen tydens die wendrie is hier baie duidelik. (Foto: Fotokuns).

**DIT was met 'n groot gevoel van tevredenheid dat die Pukke Saterdag huiswaarts gekeer het na die eerste Intervarsity met RAU. Die oorgrote meerderheid van die sportspanne het geseëvier teen die besoekers en ook die hoogtepunt van die middag, nl. die stryd tussen die eerstespanne het ook in die Pukke se guns verloop.**

toegee dat die Pukke baie hard geveg het, veral na rustyd. Die telling van 23—21 getuig ook daarvan.

Die gees onder die skare was goed en selfs die Rautjies het goed gesing ten spyte van die feit dat hulle nog nie 'n lang tradisie van dié dinge het nie.

Die organiseerders van die Intervarsity kan gelukgewens word met die reëlings. Dit word allerweë as 'n deurbraak beskou dat die twee universiteite ook sportbande aangeknoop het. Die naburigheid van die twee inrigtings maak sodanige kontak gewens en selfs noodsaaklik vanweë die feit dat altwee Afrikaanse universiteite is.

Van vroeg die oggend af het die Rautjies al aangekom en is die sportitems in helder sonskyn weer afgehandel. Die oggend se verrigtinge is baie goed bygewoon en is die bate van die Fanie du Toitsportterrein weer eens onderstreep.


Die Pukdirigente het hulle ook baie goed van hulle taak gekwyt tydens die Intervarsity met die R.A.U. Hier is Dawie Weyers op die veld. (Foto: Hendrik Bosman).

## SENDINGWEEK


**VAN 4—11 April bied die N.G.-gemeente Potchefstroom-Noord 'n sendingweek aan. Die doel daarmee is nie net om die gemeentelede te bereik nie, maar om die hele Potchefstroom, en veral die studente, te bereik.**

Die tema van die hele aksie is JONA EN GOD SE SENDINGOPDRAG. As hoofspreker tree prof. Nico Smith van Stellenbosch op. Ander sprekers is o.a. ds. Maasch wat kom praat oor melaaste sending, mev. Vermaak oor sending in Soweto en ds. Ellis oor sending in Wes-Tvl.

Daar sal van Maandag tot Vrydag uitstallings in die Totiussaal wees, met praatjies tussen 1 en 2 nm. In die aande word die program in die kerksaal voortgesit met besprekings en skyfies.

Saterdag 10 April is daar 'n rugbywedstryd tussen die Bantoe- en Kleurlingsendinggroepe, en die aand om 7.45 nm. word 'n rolprent, KYK NA DIE STERRE, in die kerksaal vertoon.


Die Pukke takel 'n Rautjie. Op die voorgrond lê James Stoffberg, kaptein van die Puk se eerste span. (Foto: Fotokuns).


Die spelers gooi hulle hande in die lug nadat 'n drie aan die Pukke toegeken is. (Foto: Hendrik Bosman).

## SKAAK PRESTASIE

DIE PUKKE het oor die algemeen goed gevaar in die pas afgelope Wes-Transvaalse Ope Kampioenskappe wat in die Bennie Pienaarsaal van Pote gehou is. Crystelle Smuts het weggestap met die prys vir die beste damespeler op die toernooi. Die eerste plek is gedeel deur die Springbokspeler, Frank Korostenski van Johannesburg, en mnr. Lansard van Lichtenburg. Vier-en-tagtig spelers uit verskeie dele van Transvaal en die Vrystaat het aan die kampioenskappe deelgeneem.

Op die tuisfront is die Pukkampioenskappe byna voltooi en tot dusver lyk dit asof die heersende kampioen, Johan Swanepoel, sterk teenstand ondervind van 'n nuwe speler, Stephan Güldenpfennig.

## Tokkelokke presteer

**'N GESKIEDKUNDIGE rugbywedstryd het Saterdagoggend op die Fanie du Toit A-veld plaasgevind. Die rede? Dit was die eerste ligawedstryd waaraan die Tokkelokke deelgeneem het. Ja, reg gehoor!**

Die rugbyspan van die Teologiese Skool neem nou as volwaardige span deel aan die Koshuisliga.

Voorlopig, (L.W. voorlopig)! speel die Tokkelokke in die tweede liga, en die eerste slagoffers was toe die span van Dawie Dup.

Die Dawie Doeppers het eerste bloed geruik met 'n strafdoel, en die rustydtelling was nog 3 — 0. Na rustyd het die Tokkelokke die krane begin oopdraai, en drie minute voor die einde was die telling 16—3 in hulle guns. Drie mooi drieë waarvan twee vervyf is, het hiervoor gesorg. Net om te wys dat hul blus nog nie heeltemal uit was nie, het Dawie Dup in beseringstyd 'n goeie drie aangeteken. Die vervyfskop was oor en die eindtelling: 16 — 9 in die Tokkelokke se guns.

Nou praat die manne natuurlik net aanmekaar van liga wen en sulke dinge! Maar hulle moet onthou, die seisoen is nog lank! Nietemin pak die Tokkelokke die saak met groot erns aan, en onder die magsuitoefening van afrigter Ds. Bennie de Klerk, is daar nie juis kans vir loodswaai nie. Voeg daarby die kapteinskap van Tinus Smidt, en jy het al die bestanddele vir 'n wenspan — net die spelers wat nog moet bykom!

So onthou maar, as julle dalk by 'n veld verbystap en julle sien 'n span met spierwit truie en blou krae, en julle hoor die toeskouers skree: „Skooolkieeee", is dit nie 'n besoekende Laerskoolspan wat speel nie, maar dieselfde Skool waaruit die PUK ontstaan het, en natuurlik sy rugby ook!

## JUDO

DIE PUK se judo-manne het op 'n hoë noot afgesit — veral nou dat die rondgooiers die vooruitsig het van 'n sagte landing op 'n nuwe mat.

Voorverlede naweek het twee Pukke die Wes-Transvaal-span gehaal. Hulle is R. van Rensburg en N. Stolz.

Die judoklub se oefentye is Maandae en Woensdae-aande vanaf 7.30 nm. Op Woensdae is daar spesiale afrigting.

Het u iets nuuswaardigs?
Skakel
DIE WAPAD
by
DIE S.S.R.-KANTOOR
(Posbus 13)

BEVEG INFLASIE
RY SAAM MET U VRIEND KLAS TOE

# Damesblad

## *Kits-ideetjies*

**HET jy geweet? Dat jy nooit, ja nooit mag fluister in 'n geselskap nie. Dit word beskou as baie swak maniere.**

As jy iets laat val in 'n restaurant óf enige eetplek, jy moet wag tot die kelner dit optel. Andersins kan jy jou gesel vra om dit vir jou op te tel.

Dat kookolie 'n uitstekende plaasvervanger is as ooggrimeringverwyderaar. Nog 'n paar oulike plaasvervangers vir 'n noodgeval: meng lipstiffie met vogroom vir 'n blosser, gebruik petroleumjellie vir 'n glanslipstiffie en bier en water in gelyke dele vermeng, maak 'n baie doeltreffende haarsetmiddel.

Dat babaolie 'n heerlike badolie is. 'n Druppel eau de cologne daarby ruik baie lekker.

Dat twee teelepels koeksoda in 'n glas lou water 'n verkoue sommer gou die wyk laat neem. Onthou net om die koeksoda te drink sodra jy begin olik voel.

## Negatiwiteit uit

'N sekere negatiwiteit het sy kop uitgesteek onder 'n groepie van die dames en dit is iets wat lelik omkrap.

Nie almal stem saam oor alles nie, maar dit help ook nie om jou eie lewe te versuur deur gedurig besware te opper nie. Dit veroorsaak net fronse, en fronse bring plooie, en plooie laat mens gou oud lyk.

Gee jou mening, maar kyk eers die kat goed uit die boom voor jy te gou praat.

Ons is veronderstel om volwasse meisies te wees, soos dames volwasse oor sake te kan praat en dink. Dit sluit onnodige negatiwiteit uit.

Gelukkig kan ons onthou: „The positive always defeats the negative".




## Kleur die dag

**PARTY oggende weet jy dit dadelik as jy jou oë oopmaak: vandag staan die wêreld op sy kop, vandag gaan alles weer verkeerd loop. En jy wens jy weet hoe om daardie dag reg te plooi.**

Kom, maak dit 'n rooi dag. Trek jou wit en rooi T-hemp aan, sit Yardley se blueberry pie aan jou naels en pot brandy aan jou lippe. Koop vir jouself tien rooi angeliere, 'n paar rooi seilsandale, 'n bloedrooi aandrok en stringe rooi krale.

Of maak dit 'n blou dag met jou denimrok, -hoedjie, -oprygskoene en Arwa se Dusty denim-sykouse. Dra Coty se powdershine-oogskadu in enige van die blou skakerings. Gaan kyk na „Barry Lyndon" en eet 'n opdraai roomys na die fliek.

As jy wil kan jou dag geel wees en vol stukkies son. Nou dra jy jou strooihoed met die madeliefies teen die kant. Jy smeer 'n streepsel van Max Factor se lipglans aan jou lippe en 'n tiksel Khadine agter jou ore en op jou polse. Eet melktert by die Hollandse bakkery en gaan ry 'n ver ent met jou fiets.

Of maak dit 'n groen dag of 'n witte of 'n pienke. Teen hierdie tyd behoort jy al die idee te hê. En sal jou dagdromery jou dalk nog baie verder wegvoer as myne. En stry: jy voel al klaar beter!

Het u iets nuuswaardigs?
Skakel
**DIE WAPAD**
by
DIE S.S.R.-KANTOOR
(Posbus 13)



## SJAMPANJE NOOI

.... en het ons intervarsity geniet! Ons almal se senuwees was gedaan, ons kele hees geskree. Maar al wat ons nou onthou: die Pukke het gewen!

Eintlik was die intervarsity reeds voor die aanvang van dit hoofwedstryd gewen. Ons sjampanjenooi, Marianne Nel, het die Raukies 'n les in fyn maak en elegansie geleer. Haar uitrusting was 'n ware treffer en vol in die kol.

Ons klink 'n glasie op Marianne en 'n soete oorwinning!

## SIMON

DIT is bykans drie jaar gelede dat Paul Simon sy eerste langspeelplaat gemaak het, en dit is nou beslis tyd vir 'n nuwe. Om die waarheid te sê kan Paul Simon nie voorbly nie.

Die naam van die nuwe langspeler is „Still Crazy After All These Years" en dit is so welkom soos 'n verhoging in die goudprys. As dit vergelyk word met die vorige Simon meesterstuk „There Goes tha Rhymin' Simon" is dit 'n bietjie kort en nie so heel dinamies wat die melodieë betref nie, maar soos ons weet is alles wat Paul Simon en Art Garfunkel aanraak en komponeer ure se luistergenot.

Die liedjies op dié plaat is nie sulke onmiddellike treffers soos „Take me to the Mardi Gras" en „American Tune" nie. Om die waarheid te sê moet 'n mens eers 'n paar keer ordentlik na "50 Ways to Leave Your Lover" en „I do is for your Love" luister om agter te kom hoe dinamies dit in werklikheid is.

Soos enige Paul Simon bewonderaar weet, sal dit nie Paul Simon wees as hy nie iets uitsonderliks probeer nie — dink maar net aan die Dixi orkes in „Rhymin' Simon". Hierdie album het dan ook een of ander rariteit in die vorm van die hartseer klank van sy ou vriend Art Garfunkel op die nommertjie „My little Town."

Net een voorwaarde voordat hierdie plaat aangeskaf word. En hy behoort beslis gekoop te word — luister ten minste drie keer na „50 Ways To Leave Your Lover". Vergeet dan van alle vorige Paul Simon en Simon en Garfunkel opnames want hierdie een is geslis die grootste ooit.

## MODES: 'N KYKIE

**STEWELS, laer hakke, skerper punte, die wig hak: dít is skoenmodes hierdie winter.**

Stewels en stewels en nogmaals stewels gaan gedra word. Die kleure is meestal swart en bruin en die stewel heeltemal eenvoudig en sonder enige versiering. Die hakke is slank en regaf en redelik hoog. Pryse? Dié wissel tussen vyftien en vyftig rand!

Die platform het heeltemal verdwyn en is glad nie meer mode nie. Die skoene se hakke is heelwat laer as wat dit gedurende die vorige seisoene was. En die skoenpunte word steeds skerper en skerper.

Die enkelband word nog gesien en ook die T-band of net 'n bandjie oor die voet. Informele skoene ryg dikwels toe. Die wighak oorheers in 'n groot mate. Speksole is splinternuut. Dit is 'n soort sool van gomlastiek en dikwels wit waar die res van die skoen donkerkleurig is.

Die hofskoen is veral vir meer deftige en formele geleenthede 'n moet. Die skoen is heeltemal eenvoudig en die hak hiervan is nog hoog.

Vrolik en kleurvol is klompe. In Swede is dit glo al wat die jongmense dra: mans en dames. Die klompe het dikwels patroontjies bo-op of aan di kante en die hakhoogtes wis sel van baie laag tot redelil hoog.

Kouse is baie groot mode nuus. Nie meer net streepkou se soos verlede seisoen gaar gedra word nie, maar kous met enige patroon onder di son! Hierdie kouse is heerlil dik en warm. Wanneer sykou se nog gedra word, is dit al tyd gekleurd: swart, blou groen, bruin, trouens enig kleur of skakering waaraan 'r mens kan dink.

## WIE LOOP VOOR?

DIT is altyd 'n probleem wie van 'n meisie of haar vriend voor moet loop by 'n restaurant, bioskoop of teater.

Indien julle plekke voorui bespreek is en daar 'n kelner of plekaanwyser is, loop dié betrokke persoon voor, dan volg jy en dan jou maat. Andersins loop jou vriend voor en soek julle plekke.

Kom
kyk
wat
gebeur
by
die
**SENDINGWEEK**
**4 — 11 April**
Totiussaal
1 — 2 nm.
N.G. Kerksaal
6.30 — 9.00 nm.
—Wa.

**BULT APTEEK**
Tomstraat 88, telefoon 5943.
**DAMES!**
**Skoonheidsmiddels:**
HELENA RUBENSTEIN
INNOXA
**MANNE!**
BRUT EN OLD SPICE
—Wapad.

## GEHOOR?

HET JULLE GEHOOR?

Juwele hierdie winter is van bamboes, hout, ivoor en skilpaddop.

Tjalies en ponchos word soggens, smiddags en saans gedra saam met enige kledingstuk.

Jou chemise (dankie daarvoor!) is nog groot mode.

Rokke en rompe wat bo die knie sit, is verbode, absoluut verbode.

Almal praat van die „chinese look". Dit sluit in: slanker lyne, rompe met splete en die kleure daarvoor is swart, rooi en wit.

Parys sê gordels is 'n noodsaaklike bykomstigheid. Draai 'n lang tou waarvan die punte met krale afgerond is 'n hele paar maal om jou middel en knoop dit voor. Oorspronklik en baie maklik om te maak.

Denim bly 'n kanniedood. Blou en baie mooi en absoluut onontbeerlik vir enige jong meisie. Iemand het nou die dag gesê sy wil 'n ruiker gee aan die eerste persoon wat denim uitgevind en op die mark geplaas het.

ONTHOU
**CINE PUK**
soek
PERSONEELLEDE
Doen aansoek by
DIE S.S.R.-KANTOOR

## Grafiese kuns

**VYF minute af tussen twee periodes? Los die sigaret en maak gou 'n draai in die Puk se permanente kunsuitstallingslokaal, in die Biblioteekgebou, kamer 318.**

Iets waarvan min studente seker bewus is, is dat die Puk die universiteit in Suid-Afrika is wat beskik oor die grootste versameling kunswerke. By gebrek aan voldoende uitstalruimte word die uitstalling in die bestaande lokaal gereeld verwissel. Studente kan dus altyd iets nuuts verwag as hulle in die verbyloop gou inloer.

Tans word 'n baie interessante versameling grafiese kunswerke uitgestal. Grafiese Kuns is 'n kunssoort waarin 'n kunstenaar 'n beperkte aantal kunswerke wat dieselfde is, maak. Al die afdrukke wat gemaak word, is oorspronklik aangesien dit die kunstenaar self is wat dit maak, en nadat hy byvoorbeeld tien of twintig afdrukke gemaak het, word die blok vernietig.

Op die manier word 'n aantal mense in staat gestel om 'n oorspronklike kunswerk te besit. Mens kan gerus oplet, onderaan 'n grafiese druk word daar gewoonlik naas die titel aangedui hoe groot die reeks is, en die hoeveelste een die spesifieke werk in die reeks is, byvoorbeeld 3/10.

# Edgars

# *Op 5 April nooi Edgars u vriendelik om te gaan bars!*

## *Laat bars 'n ballon en wen tot 100% afslag - dis Edgars in Potchefstroom se fantastiese openingsaanbod.*




***Op 5 April open Edgars sy splinternuwe winkel in Potchefstroom met 'n groot lawaai.***

*Bokant elke toonbank sal daar 'n vrolike verskeidenheid vet ballonne hang – met vet afslagbewyse in elkeen. En as u vingers jeuk om ons nuwe winkel met 'n vet afslag in te wy, prik gerus 'n ballon.*

*'n Bewys van 10% tot 100% sal uitval en wat ook al op die bewys staan, is die korting wat u kry op die goedere wat u reeds gekoop het. Behalwe hierdie besparings bied ons u nog tee en koekies ook.*

***Hierdie fantastiese, ongelooflike aanbod duur van 5 tot 10 April.***

*Daar's niks om te verloor nie en so baie om te wen! As u 'n nuwe rekening van R30 of meer open, kry u boonop nog 'n gratis kombers ter waarde van R7,99!*

**6 maande om te betaal.**

Grey-Phillips, Bunton, Mundel & Blake 55841/A

die WAPAD
(Geaffilieer by A.S.P.U.)

# POLITICI VERDWYN

**'N BEPAALDE leemte van die studentelewe in 1976 is dat daar nog geen politici op die Puk opgetree het nie. Dit is jammer, want daardeur word nie geleentheid gebied vir studente om hulle polities te vorm en 'n politieke mondigheid te ontwikkel nie (behalwe natuurlik dit wat geleer word by nie-studente byeenkomste soos Instituut vir S.A. Politiek ens.).**

**Juis in hierdie tyd met Angola, verpligte diensplig, Rhodesië en S.W.A. soek almal dinge „uit die perd se bek". Waarom word genl. Van den Bergh of Minister Kruger of genl. Malan van die leër nie uitgenooi nie? Hoekom kom prof. Wiechers ('n Volkeregtelike van UNISA) nie na die Puk om oor S.W.A. en Rhodesië te praat nie?**

**Die Politiese Raad moet hierdie dinge reël, maar ons verneem min of niks daarvan nie. Soos in die verlede is die vraag dus baie aktueel: het hierdie Raad 'n ander bestaansreg of moet dit onder 'n ander Raad geplaas word wat dié dinge wel sal reël? Met die swak werksaamheid van die Politiese Raad, ly elke student daaronder want dis óns wat daardie inligting mis.**

**Dit is nog nie te laat om sprekers te kry of dinge te reël nie. Hoe gouer dit gebeur hoe 'n groter guns word aan die Puk-studente gelewer.**

# DATUM-KOÖRDINERING

**DIE afgelope week is daar 'n welkome klank van die S.S.R. se kant gehoor toe mnr. Corrie Kraamwinkel (Portefeulje datums) 'n omsendskrywe gerig het waarin gepoog gaan word om datums te koördineer.**

**Ons sê welkome klank, want dit is iets wat enige student frustreer: wanneer op één aand 'n film oor geboorte vertoon word, sy vakvereniging 'n vergadering hou, daar 'n konsert is en boonop nog 'n byeenkoms van politieke aard is. Wat moet 'n mens nou kies? Met bietjie koppe bymekaarsit kan gereël word dat al die aksies nie so bots nie. 'n Begin word in elk geval op studentevlak gemaak; later kan dit uitkring na ander instansies soos die Sentrum vir Internasionale Politiek en ander Institute van die P.U. Hulle datums kan moontlik met die studente s'n gekoördineer word. Dit sal egter eis dat die S.S.R. met groot beslistheid hierdie vasgestelde datums moet handhaaf en ook kontinuïteit aan die hele projek moet verleen.**

**Van die Wapad se kant ook ondersteuning vir hierdie projek. 'n Program van die aksies — indien dit aan die Wapad verskaf word — sal gereeld verskyn sodat alle studente hulle sake só kan inrig.**

# Sjôrdé — met Nic Taylor

**SJÔRDÉ — soos die kan dit skink. En ewe gemaklik as wat die kan dit skink is Nic Taylor se etensuuraanbieding in die foyer van die Kleinteater.**

Hy loop in met 'n glimlag dit anders — en die gehoor geniet kitare. As hy begin dink jy dadelik, mag, maar die man het 'n mooi stem.

Hy sing 'n studenteliedjie — en natuurlik gaan dit oor die liefde — hy sing 'n liedjie wat hy hoog bokant die wolke in 'n vliegtuig geskryf het en hy speel die temalied uit Deliverence. Jy sit oopmond, want sowat van vinnige vingerbewegings!

Dan haal hy die kleinste snaarinstrument uit — dit lyk soos 'n kitaar maar hy noem dit anders ë en die gehoor geniet elke oomblik van sy sang.

Hy sing die advertensies wat hy al gemaak het (soos hy sê, hy's 'n huishoudelike naam) en almal skater vir sy grappies. Net so snaaks is sy voorstelling van hoe ander sangers hulle gedra — as hulle sing.

Jy's jammer as hy ophou, want 'n tydjie lank kon jy luister na 'n mooi stem en mooi kitaarspel — en vergeet van proffies en klasdraf.

Loekie le Roux.

# Uit die Woord

En ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek My gemeente bou en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. — Matt. 16 : 18.

**'n Toekoms vir die kerk?**

*DIE moderne mens sê: Nee!*

*Die Bybel sê: Ja! Die kerk se pad lê helder vorentoe; 'n reguit weg die toekoms in.*

*'n Triomferende kerk! Waarom? Omdat hy stewig gegrond is en vasstaan. Hy is gebou om 'n stewige fondament; 'n harde onslytbare rots. Die rots van die waarheid: U is die Christus! Hierdie belydenis wat Petrus namens die kerk doen word in die mond van die kerk geplaas. Met hierdie vaandel vaar die kerk deur die wêreldgeskiedenis; trotseer hy die storms van dwalinge en oorlogspyn. In die belydenis lê sy hoop op triomf!*

*'n Belydende kerk! Teenoor die grypende kloue van die hel, moet die kerk vas bly staan. Satan is magtig. Hy gebruik groot manne en magte vir sy doel — om die kerk ten gronde te rig; hom in sy fondamente te skud deur die belydenis te verpletter. Daarom: staan vas! Hou hoog die vaandel: U is die Christus!*

*'n Strydende kerk! Na die belydenis ontvang die kerk sleutels wat hy op sy tog moet hanteer. Die Woord en tug. Op sy pad moet hy aktief wees. Hy moet regeer. Na binne deur die tug, na binne en buite met die Woord. 'n Strydende kerk! Met die swaard van die Woord teen die gees van die tyd.*

*U is die Christus!*
*— My hoop op triomf.*
*— My voortdurende belydenis.*
*— My strydkreet!*

# Dorp: Meer erns gevra

**DIE Dorpstudent moet alles in sy vermoë doen om sy/haar volle gewig ook in te gooi by studenteaktiwiteite. „Ja, dis die teorie, maar in die praktyk werk dit eenvoudig nie so nie," is die antwoord wat in baie gevalle verwag kan word.**

Hierdie redenasie is die een wat juis onbetrokkenheid in die hand werk. As 'n Dorpstudent werklik wil, kan hy/sy daadwerklik betrokke wees by die studentelewe. Ek het dit hier veral oor Dorp, want die student loop baie keer gevaar om heeltemal kontak met die studentelewe te verloor. En die studentelewe is 'n essensiële deel van die student.

Daarsonder is iemand nie 'n student nie. Ook op hierdie vlak is die vormingswaarde onberekenbaar. Iemand wat nie deel het aan hierdie aspek van studentwees nie, ly groot skade. Immers, 'n mens leer tog jou medestudente op vele vlakke werklik ken; 'n mens kommunikeer so met mekaar en wissel gedagtes oor allerlei onderwerpe; enigiemand kan die waarde hiervan insien.

Die Dorpstudent het dus 'n plig, maar 'n baie lekker plig, om hierdie kontak te behou. Hy sal die studentelewe geniet, en terselfdertyd is dit vir die slyp van sy karakter van groot waarde.

Op hierdie stadium is dit nodig om jouself af te vra wat betrokkenheid werklik beteken en wat dit alles behels. Behalwe die genoemde deelname aan die studentelewe wat natuurlik die verenigingslewe en sportlewe insluit, kan 'n student nogtans sy/haar individualiteit behou. Dit is die waarde van betrokkenheid: 'n student van 'n groot universiteit soos die PUK verdwyn nie in die massa soos 'n blote nommer nie. Dit help die unieke studentegees op 'n kampus bevorder — en elkeen voel dat hy DEEL is van die PUK; hy voel trots daarop, en hy voel dat hy ook 'n deel het aan die trotse tradisie van die universiteit. Juis in die lig moet die dorpstudent daadwerklik betrokke wees, ook aangesien die dorpstudente 'n groot aantal van die totale studenteaantal is.

Om hierdie rede het Dorp se H.K. 'n groot, maar lekker taak om te verrig en is die bestaan daarvan absoluut noodsaaklik. Hulle moet die betrokkenheid van die dorpstudente koördineer en hulle word gelukgewens met die welslae van wat hulle reeds behaal het. Mag dit in die toekoms ook so wees.

CHRISTOF VAN VUUREN.

# Amoreus Aktueel

**NOG 'n week is verby — 'n week met baie verwikkelinge en gebeure veral op die sport(s)gebied. Met intervarsity agter die rug wil ons julle net inlig oor die nuutste eskapades van die belangrikste sportmanne aan die Puk.**

Die o/20's is nog te kort op die Puk om te weet dat 'n mens nie NET rugby kan speel nie. — Neem nou die goeie voorbeeld van ervare manne soos:-

Dries Coetzer. Hy begin Donderdagaande al met sy oorlogsdanse sodat hy teen Saterdag rustig en kalm op die veld kan draf (net so stil en rustig soos hy hom op die pawiljoen saam met Elsa gedra).

Elize Botes moes Saterdag reg agter die pale gesit het, want was daardie twee strafdoele van André nie reg op háár hartjie gerig nie?

Dit lyk my die Bult (Amanda) en die omgewing (Pote) bied 'n groot aantrekkingskrag vir Ferdi en Sors.

Ben van Rensburg wil berge versit sodat die Tegniese Hoërskool en Karlien nader aan mekaar moet skuif.

Van die IB-span neem Overde-Voor dan nie net op die rugbyveld die voortou nie, maar ook met die slepery gaan dit beter as goed! Lou van Wyk het die eerste sege van die IB's net met Pokkies gedeel. Het hy dit al Vrydagaand beplan of aan haar belowe?

Sokkies en Harry trap Heide se drumpel deur soos hulle by Lynn en Maritha rugbytruie laat regmaak. Die arme, arme, arme Boom Burger.

Hy moet helfte van die tyd vir 'n leë sitplek speel, want sit Retha nie op Tuks nie? Onthou net Boom — alle paaie lei na Pretoria!!

Tot volgende week en soet wees!

PATA PATA.

# Wysgere floreer

**AS onderliggaam van die Akademiese Raad beplan die Wysgerige Vereniging om gedurende die nuwe jaar meer aandag aan die studentewees-akademierelasie te gee. Ons deel dan ook in die Akademiese Raad se pogings om alle moontlike akademiese probleme van die studente op te los.**

Op Maandag 22 Maart het die vereniging sy ontvangsgeselligheid gehou, in die vorm van 'n braaivleis. (NIE op die Fanie du Toitswemterrein nie!) Hierdie ontvangs is natuurlik reeds voorafgegaan deur 'n uiters geslaagde wysgerige simposium (of was dit 'n piekniek) op die 11e Maart, waar studente en dosente saam in die wetenskapteorie ingedelf het. Hiervoor dan ook 'n spesiale woord van dank aan die Departement Wysbegeerte, deur wie dit gereël is.

Die vereniging beplan ten minste drie aksies vir die jaar; waarvan een 'n groepsbespreking sal wees, waarop 'n hanteerporëre probleem aangaande die wetenskapsleer bespreek sal word. Verder word daar 'n uitstappie na Wits beoog; die moontlikheid van 'n uitnodiging aan Tuks en Uovs word nog oorweeg. 'n Gesamentlike aksie met Colamus en ander akademiese verenigings word ook beplan.

Om al hierdie aksies te loods, het ons natuurlik lede nodig. Daarom wil die vereniging 'n uitnodiging aan elke student in Wysbegeerte, Etiek, Wetenskapsleer en Logika, en alle ander belangstellendes nooi om te kom aansluit. Kom geniet die aand, daar wag 'n verrassing op u!

Enige studentenuus

is nuus vir

**DIE WAPAD**

Bring dit vroegtydig

na

Bussie 13

S.S.R.-KANTOOR

# STUDIE-ONDERSOEK

**AKADEMIESE RAAD NEEM STUDENTE SE PROBLEME OP.**

OP 'n onlangse Akademiese Raadvergadering is daar besluite geneem wat elke PUK-student persoonlik raak. Daar is al besluit om twee kommissies van ondersoek in te stel om probleme insake doseermetodes, toestande in die biblioteek en koshuise, die verhouding sport tot akademie, ens. van nader te beskou.

Hierdie ondersoeke raak elke PUK, ons kry almal klas, ons werk in die biblioteek, ons beoefen sport, ons is studente. Daarom moet elkeen van ons hierdie mense sover moontlik help met hulle werk. Elke student ken sekere probleme in die verband, en elkeen het sekere waarderende opmerkings om te maak. Kom ons help dus; gee vir die mense informasie, gebruik die Wapad in die verband. Laat elkeen wat iets te sê het oor dié sake, dit dan doen!

Hou dan ook die Wapad fyn dop vir aankondigings van die Kommissies en vir verslae van hulle werk. En, belangrikste van alles, laat ons ook hoor wat u dink!

**TROU MET MY!**

Is 'n maklike vraag as jy weet jy kry 'n goeie vrou.

Netso is dit maklik om te besluit om op die Bestuur van CINEPUK te dien.

**Doen net aansoek by die Studente-raadskantoor en jy is in die ding!**

Makliker nog as om te trou. —Wa.

# Ontmoet...

# Riaan van der Walt

## (Voorsitter: Akademiese Raad)

**DIEGENE wat die ou siening deel dat net BA-mense in vakverenigings belangstel, kyk vanjaar skeef op. Die voorsitter van al die akademiese verenigings saam, dit wil sê die voorsitter van die Akademiese Raad, is 'n man uit die Ekonomiese Wetenskappe.**

Drie jaar lank was mnr. J. A. (Riaan) van der Walt op die bestuur van die Ekonomiese Vereniging, waarvan die laaste jaar in die hoedanigheid as voorsitter. Riaan was ook president van die plaaslike tak van AISEC, 'n interuniversitêre liggaam vir ekonomie-studente.

Dit is altyd moeilik om aan iemand anders te verduidelik wie Riaan is, omdat hy in soveel rolle bekend is. Aan Caput (sy ou koshuis) se manne moet jy die bynaam „Sniper" noem (as gevolg van die donkergetinte bril wat hy vroeër gedra het); die Akademiese Kring se mense ken Riaan as die ou wat al sekretaris én voorsitter van die Akademiese Raad was en nou vir sy tweede termyn voorsitter is; Thalia 1976 ken hom in die rol van opsigter, ene „Skoonraad"; Ottosdal se Volkspelers ken hom naweke as veteraan volkspeler en ondervoorsitter; Gimmies se leerlinge ken hom as 'n kwaaierige proefie.



**Mnr. Riaan van der Walt, Voorsitter van die Akademiese Raad met wie Die Wapad hierdie week gesels.**

Riaan het ook aan verskeie ander liggame deelgeneem: Pluimbal, Florna, ASB-Kunsfeeskomitee, Jongeliede-Vereniging Thiatire en Tweedehandsboekekomitee. Cine-Puk se sukses in 1975 was grootliks te danke aan hulle Finansiële Bestuurder, Riaan van der Walt, se bekwaamheid.

Nadat Riaan in 1969 in die Lugmag was en 3 jaar self sy brood verdien het, het hy in 1973 vir die kursus HNOD ingeskryf. Hy is dus een van die mees senior studenteleiers, wat sy plek kan volstaan as voorsitter van die grootste belanggroep in die studentelewe.

In 'n onderhoud met DIE WAPAD, het Riaan van der Walt die volgende te sê gehad oor akademiese verenigings aan die Puk:

VRAAG:

**1. Riaan, jy was verlede jaar al 'n halwe termyn voorsitter van die Akademiese Raad, wat onder die ou bedeling as die Sentrale Akademiese Bestuur (SAB) bekend gestaan het. Ondervind jy enige klemverskuiwing in die nuwe bedeling ná die struktuurverandering in die studentelewe — jy het mos nou van beide ondervinding?**

ANTWOORD::

Ja, ek het ondervinding van albei. Ek vind dit die nuwe struktuur nie net 'n verandering in naam is nie, maar dat dit nou 'n meer soepele struktuur is, wat nie net werk vergemaklik nie, maar dat ons nou beter kontak tussen lede van die Akademiese Raad onderling en tussen lede en die Uitvoerende Komitee het.

VRAAG:

**2. Jy het enkele jare gewerk voordat jy kom studeer het en dus baie met die praktyk te doen gekry, waarvan dikwels net die teorie tereg kom in die klasse. Dink jy akademiese verenigings kan meewerk om die gaping te oorbrug tussen teorie en praktyk?**

ANTWOORD:

Ja, ek is seker daarvan dat die akademiese verenigings die gaping kan oorbrug. Dit kan gedoen word deur nouer kontak met die praktyk te verkry en die kontak kan alleen met skakeling verkry word.

VRAAG:

**3. Watter mikpunte stel jy vanjaar (1976) vir die Akademiese Kring?**

ANTWOORD:

Ons slaan vanjaar 'n heeltemaal ander rigting in as vorige jare. Daar word gepoog om:

1. groter betrokkenheid by die verenigings te verkry;
2. meer verenigings by ons inskakel te kry en nuwe verenigings te stig;
3. die belange van elke student op akademiese en sosiaal-akademiese terrein te bevorder, daarom het ons alreeds ad hoc kommissies ingestel om die volgende te ondersoek:

+ akademiese skakeling met die Senaat van die Universiteit.
+ die standaard van die akademie en eksamineringsmetodes;
+ metodes van klasaanbieding;
+ die verband tussen sport en die akademie;

4. Verder gaan ons ook twee kursusse hou, naamlik 'n praktiese kursus in vergaderingsprosedures en tweedens 'n kursus in effektiewe redevoering.

VRAAG:

**4. Verlede jaar het 'n ondersoek van die SSR en Akademiese Raad insake Christelike Wetenskap groot opslae gemaak. Daar is onder andere gevind dat die gesinhede by studente positief is, maar die kennis oor Christelike Wetenskap swak. Gaan die Akademiese Raad hierdie bevindings opvolg?**

ANTWOORD:

Met die goedkeuring van die verslag is daar spesifieke opdragte aan die Akademiese Raad gegee, wat aan die einde van die vorige termyn aan ons termyn se Akademiese Raad oorgedra is. Ons sal uitvoering gee aan die opdragte.

VRAAG:

**5. Dink jy akademiese verenigings het bestaansreg náás die Akademiese Departemente waar ons klasdraf?**

ANTWOORD:

Ja, natuurlik! Die akademiese verenigings dien as skakel tussen die Akademiese Departemente en die studente.

VRAAG:

**6. Die ou SAB, voorloper van die Akademiese Raad, het verlede jaar 'n ondersoek begin oor skakeling tussen akademiese verenigings en Akademiese Departemente. Wat het van hierdie ondersoek geword?**

ANTWOORD:

Al die inligting in verband met hierdie ondersoek is alreeds ingesamel en daar sal dus binnekort 'n verslag in hierdie verband wees.

VRAAG:

**7. Die SSR van 1975 het aanbeveel in die verslag wat tot die struktuur verandering aanleiding gegee het, dat die voorsitters van die bestuursliggame die koshuise moet besoek, net soos die SSR-voorsitter. Hoe wil jy dit vanjaar implimenteer?**

ANTWOORD:

Ek het alreeds in die begin van die jaar byna al die koshuise persoonlik besoek. Verder sal ek poog om 'n koshuisvergadering van elke koshuis by te woon.

VRAAG:

**8. Wat is die Akademiese Raad se begroting vanjaar en en op watter gronde word die geld verdeel onder Akademiese Verenigings?**

ANTWOORD:

Ons begroting in totaal was R5 500, wat onder 20 verenigings verdeel is. Ons het die volgende kriteria gebruik om die geld na die verenigings toe te deel:

+ Jaarprogram van die vorige termyn
+ Jaarverslag van die vorige termyn
+ Jaarprogram van hierdie termyn
+ Die hoeveelheid studente betrokke by die vereniging
+ Ledegeld wat gehef word en of dit wel inbetaal word by die SSR
+ Affiliasie by nasionale studente-organisasies.

VRAAG:

**9. Kan jy kortliks vertel van die Uitvoerende Komitee van die Akademiese Raad — dié mense wat aan die spits staan van die grootste belangkring in die studentelewe?**

ANTWOORD: Graag.

Die **ondervoorsitter** is **Francois van der Berg.** Hy was helfte van die vorige termyn sekretaris van die Akademiese Raad. Vanjaar is hy ook voorsitter van die Musiekvereniging en is gemoeid met die PU-Koor.

Die **sekretaresse** is **Hazel Roussouw.** Dit is ook haar tweede termyn op die raad. Ek wil ook net noem dat dit die eerste dame is wat op die Uitvoerende Komitee van die Akademiese Raad/SAB is, sedert dit in 1970 tot stand gekom het.


Die **penningmeester** is **Hennie van Aswegen,** vroeër penningsmeester van die Ekonomiese Vereniging en vanjaar ook ondervoorsitter van genoemde vereniging.

Die twee addisionele lede op die Uitvoerende Komitee is **Johan Muller** en **Corrie Kraamwinkel,** beide deur die Akademiese Raad op die SSR. Dit is Johan se tweede termyn op die Akademiese Raad.

Die Byeenkomstekomiteelid is **Frikkie Massyn,** ook iemand in sy tweede termyn op die Akademiese Raad. Hy is voorsitter van die Admissiebond.



**Tydens 'n seremonie op 25 Maart het verteenwoordigers van AE & CI elektroniese rekenaars aan twee ingenieurstudente van die P.U. oorhandig, as pryse vir buitengewone akademiese prestasie. Die ontvangers wat (links) mnre. P. J. du T. Roux (Ingenieurschemie) en R. R. J. Brandt (Elektrotegniek). Hulle is onderskeidelik van Skuur en T. Van Rooyhuis. In die middel verskyn prof. H. Bingle, Rektor van die P.U.**





**GOUE WESTE**

**INRY-TEATER**

Maan. tot Dond. 7.00 nm.
Vry. & Sat. 6.45 en 9.00 nm.

Vry. 2 Sat. 3 April (1ste vertoning):

**And now — prepare your grave**
★ TERENCE HILL
Western. — STER — (4 — 12)

Vry. 2 Sat. 3 April (2de vertoning)

**Paul and Michele**
★ SEAN BURY
★ ANICEE ALVINA
Liefdesdrama (4 — 18) STER.

**Dubbelvertoning elke aand:**

Maandag 5 tot Saterdag 10 April

**Zorro**
en
**All the way boys**
Zorro met
★ ALAIN DELON
★ STANLEY BAKER

**Beveg Inflasie**

WOON ALLE KLASSE BY

**VERRAS**

U PROFESSOR, WOON AL SY KLASSE BY

**POTCH INI**

Tel. 6345 bedags/Daytime
Tel 21881 saans/Evenings

Maan. tot Don. 7.00 nm.
Vry. en Sat. 6.45 en 9.00 nm.

Sat. 3. Vry. 2 April (1ste vertoning)

**Prisoner of 2nd Avenue**
★ JACK LEMMON.
Komedie.
Almal welkom.

Maan. 5 tot Donderdag 8.
Vry. 9 en Sat. 10 (albei vertonings)

**Jakkalsdraai se mense**
Met
★ WENA NAUDE en
★ JAN BRUYNS
Menslike drama.
KINEKOR

**TWENTIETH CENTURY**

Fri. 2nd 8.00 p.m. Sat. 3rd 6.00 and 8.45 p.m.

**Hennessy**
★ ROD STEIGER
No persons 4 — 16

Sat. Morning 10.00 a.m.
**Rockets in the dunes**

Sat. Matinee 2.00 p.m.

**Mon. 5th 7.30 p.m. Gala performance.** Matinees Tues. Wed. and Thurs. at 2.30 p.m. Evenings Tues. to Thurs. 8.00 p.m. Sat. 10th 2.00 — 6.00 and 8.45 p.m.
JAMIE UYS
**Funny people**
PLEASE NOTE: FRIDAY 9th APR. EVENING PERFORMANCE SOLD OUT.

# Koshuiskos

## VERGEET MY NIE



## Vergeet-My-Nie

'N SKAMERIGE knipogie aan al die manskoshuise wat vir ons sulke fantastiese aksies gereël het.

Daar is bietjie rof met ons gewerk tydens ons „interkussinggeveg" wat bietjie „waterig" verloop het, maar wat, dit was héérlik! Makouvlei, julle kan beter stamdanse doen (Ipi Tombi) as wateroorlog voer! Dankie vir 'n gróót aand.

Skelm kan die dametjies ook wees, of hoe, Over de Voor? Dis 'n groot „leeu" en na so 'n lekker interpannekoek-en-roomys kyk ons met ander ogies na julle.

Dis dan ook die eerste keer wat Klooster ons uitgenooi het na hul jaarlikse fees . . . en was ons nie trots en bly nie. Ook maar bietjie rof gewees tydens die waatlemoensmeerdery, maar in die swembad was alles vergete. Die konsert het ook gesorg dat almal mekaar beter kon leer ken — die gevolg? Petrol word nie meer bespaar nie, want veel meer manne moet nou elke aand Vergeet-My-Nie toe ry — nie dat ons omgee nie. Hombré het gou gesien dat ons tot sokker kan speel! Wonder wie het toe gewen? Die braaivleis daarná was gróót. Ook die intermarshmellow-en-wyn met Caput was 'n groot fees. Seker die wyn wat almal so lekker laat sing het.

In al ons beskeidenheid sê Vergeet-my-nie aan julle almal: Julle is 'n fees, en ons sien uit na die res van die jaar. Moet ons 'seblief nie vergeet nie . . .

## LIBERALIA

OM in 'n koshuis te kan bly vir vier, vyf jaar is voorwaar 'n voorreg maar om agt jaar daarin te woon is 'n leefwyse. Oom Tjaard Venter, wat terloops al drie wenvlotte gebou het gaan groot aanpassings moet doen as hy ons verlaat. Miskien moet ons die geraamtes van die eerstejaars, wat hy deur die jare bymekaar gemaak het, vir hom saamgee as aandenking. Die koshuis se vrieskas word hoeka al benodig vir bene met meer vleis om. Sies oom Tjaard jy kon ten minste hul ouers vertel het.

Vir ons relatief klein koshuis is ouens soos Oom Zed, wat ook al sewe jaar met Liberalia deel, sommer 'n groot voordeel. Ons kattekraamfabriek (Oom Zed se ou Benz) word heeltemal deur hom geborg, en enige kat wat wil kleintjies hê is welkom om van sy vaderlike borgskap gebruik te maak. Katmannetjies kan in elk geval van nood net 'n paar keer miaauw voor sy kamervenster.

Daar het intussen 'n nuwe organisasie in die koshuis ontstaan naamlik die „Batchelor Squad". Alhoewel die reëls redelik wyd is is dit daar om die lede teen die lis van die vrou te beskerm, en uiterste vriendelikheid teenoor hul aan te moedig.

Verder het die Buffel op sy stil manier 'n snork gegee, met sy verjaardag, wat tot in die dorp gehoor is. Na 'n joviale uiting van gevoelens deur 'n intog in die dorp, is die party op 'n hoë noot afgesluit deur 'n bier en brood waarheen Klawerhof ons uitgenooi het. „Ons sê baie baie dankie".

Ons tuiste lyk ook nou meer na 'n vakansie villa, en ons wil daarom ook dankie sê aan die tegniese departement, en die ooms wat dit vir ons geverf en opgeknap het.

Ten slotte wil ons al die Bulle toewens 'n voorspoedige jaar waarin ons groot dink en nog groter gaan doen.

## KLOOSTER

„HOE het die helde geval, diep in die geveg — verskoning! — diep in die aksie."

Glo my vry, dit is seker die grootste waarheid wat 'n ou seker nog hier op die Kloosterkampus kwytgeraak het. Vele sterk Natte, Sappe, Progge of Hertzogiete selfs het lede van die V.V.O. geword. O nee! nie daardie een nie. Kyk, die V.V.O. staan vir Verlore Verliefde Organisasie. Name durf ek nie noem nie, want hier is vele manne wat sterker as ek is. Die slagting onder die dore en die drake is egter fenomenaal!

Die slagting — as ek dit so mag noem — het 'n aanvang geneem 'n sekere aand toe Vergeet-my-nie in hul hordes opgeruk het om te kom kennis maak, natuurlik op uitnodiging van onse H.K. Die groot manne het hulle tog só graag ontferm oor die bloedjies wat verdwaasd, taai en waatlemoenbesmeerd rondgestaan het. Was dit egter nie 'n plesier om die sterk manne te vertel wat haper en pla nou dat Mammie so ver sit nie. Moet egter nie 'n fout maak nie, die paar strydlustige Amasones wat natuurlik daar gewees en 'n paar manne het les opgesê. O nee! name noem ek nie — die gevaar van crimen injuria, julle weet.

Met die inter-swem wat daarna plaasgevind het, het die manne natuurlik die kans gehad om te wys dat die borse rêrig breed genoeg is dat die arme wesies wat nie herwaarts of derwaarts weet nie, gerus tevrede gestel kan word. Wanneer die spiere nog egter gebult en gevul word . . . ai dan is hulle sommer broos.

Daarna het die manne verder „gevou" onder die aanslae van Kasteel en Soetdorings en Kulu onderskeidelik. Die interfliek en roomys was 'n fees. Kulu en Soetdorings se dames het sterk Mammie verlang toe „Night of dark shadows" vertoon is. Dit is egter net hier waar die vindingrykheid van ons H.K. na vore tree. Nooit, geen meisie het lank nodig gehad om te verlang nie. Janee, kyk, 'n mens voel mos heelwat meer gerus as 'n aantreklike kêrel skielik sommer nader aan jou skuif. Vergete is die sorge dan en vergete is die agterblewende „swottings" ons aksie mos nou. Maar ons is bekommerd, want die geledere van die V.V.O. word steeds versterk.

Na die aksies beëindig is, is dit nie sommer 'n kwessie van dadelik aan die slaap raak vir almal nie. O nee, vele lê en peins wat hy vir Sannie, sal dit gewese Sannie wees?, gaan vertel. 'n Man slaap egter nog nie eens gerus nie of jy hoor die pragtige singery. Droom 'n ou nou werklik of is jy werklik die eerste een op die Eiland van Meerminne. Jy dink nugter wakker en jy is in jou bed, in Suid, Skooltjie, Noord of waar ook al, maar die waardering vir die sang is groot — so groot dat jy met groot waardering luister en skoon vergeet om die lig te flikker. Dames ,glo my, ons waardeer dit, veral dat julle die hele ent gevaarlike pad hierheen aandurf.

Soos een van die drake my vra: Meneer, hoe kry die Puk dit reg om sy druipsyfer so laag te hou as daar elke week so 'n bielie van 'n aksie is.

Die antwoord: 'n Gesonde gees, broertjie, net 'n gesonde gees. Dankie Vergeet-mynie, Kasteel, Kulu en Soetdorings vir die feeste. Klooster beoog om die hele kampus te deursuur met hierdie besondere gees van ons, en 'n gees het ons; So dames, sê maar ja as Klooster vra!



Daar bestaan skynbaar 'n troebel verhouding tussen U.P.E. se seniors en eerstejaars! (Foto: geneem uit UPEN).



## CAPUT

Soos in die begin van die jaar, het Caput weer hierdie naweek teen RAU gewys wat in hom steek.

In die rugby het ons vier spelers in die eerste span, twee in die 1B's en vier in die o.20A span gehad. Op grond van bogenoemde gegewens kan ons nie kwalik geneem word dat ons ongelukkig teen Klooster verloor het, met 'n telling van 16-13 nie. Gelukkig is dit nog vroeg in die seisoen en gaan daar nog groot dinge gebeur. Die tweede span het met 'n telling van 25-7 teenoor Drakenstein geseëvier en die derdes 11-7 teen Klooster se derdes.

Verder was ons ook goed verteenwoordig in die stoei, judo, karate en onderwaterhokkie.

Dankie aan Oosterhof vir die lekker netbal, sokker en braaivleis en ook vir die springmielies daarna — dit was 'n fees.. En aan Wanda, al het dit gereën, kon die mieliebraai nie groter gewees het nie.

Hierdie naweek is ons tradisionele Klawerhof-fees, en sien ons nie daarna uit nie! Ons is seker dit gaan nog 'n groter fees wees as wat dit vorige jare was.

## Oosterhof

DIT WAS FEESTE.

Feeste wat begin het by die P.U. Kampioenskappe waar Oosterhof derde plek behaal het in die damesafdeling. Dit was hoofsaaklik te danke aan Estie Robbertse en Cathy Hough van Soetdorings se prestasies. Ses hokkiespeelsters uit die Oosterhof-Soetdoringsspan het gekwalifiseer vir die PUKproewe. Die korfbal- en koshuishokkiespanne is reeds ywerig aan die oefen met groot aspirasies vir die seisoen.

Sêr. Intersêr, laat sêr, mooi sêr.

Die groot intersêr met Caput is voorafgegaan deur 'n genoeglike saamsingaandjie aan die sy (of hand) van Dawie Doep.

Gang 8 se kulturele betrekkinge met Caput — dit het 'n vaste sleepaksie opgelewer — is versterk met emmers vol springmielies, pakke (en pakke) grondboontjies, handevol pret. Die genot het begin met die Afrikaners se plesierigheid en laatnag voor Oosterhof geeindig met Chrisita se „verjaarsdag". Hendrik en Caput — dankie vir 'n stukkie Caputkultuur. Gang 9 en Heimat se Marshmallowbraai-met-begeleiding was heerlik. Heerlik soos kaalvoet op die Fanie du Toit-strandoord, heerlik soos Intervarsity met aansienlik minder spanning; heerlik soos die aand ná Intervarsity.

En Woensdagaand was stokbroodaand met Thaba-Jäh . . .

Oostergroete.

## HEIDE

ONS wy toe die pad agter Heide in met Klooster na jarelange se ongerief en stofetery. Die motors wat in stof gestaan en stik het, was afgesluk met sjampanje en oliebolle. Weke voor die tyd is vir die gedenkplaat gereël, daar moes 'n Juffrou Grondpad en Juffrou Teerpad gekies word. Die „stage" was gedrapeer met rose en satyn. Trompoppies en Heide se „spietkop" het voorafgeloop onder Kloosterorkes se stilte — Grondpad — Teerpad — alle pad! Klooster se burgemeester het op waardige maar tog treurig die pad oopgestel. Amora en Nick het met die ses voet skêr die lint geknip. Helaas! Klooster — julle is bak! Ons sien uit na die volgende aksie met julle — Hoop hy is langer!

Aan al die Heidene — looi die akademie! Ons sien uit na ons naweek met Klaradyn!

Koop 1975 se

BESEMBOS

by die

S.S.R.-KANTOOR

— U sal nie spyt wees nie!

Onthou CINE PUK

soek

PERSONEELLEDE

Doen aansoek by die

S.S.R.-KANTOOR

## Over-de-Voor

PROF. TJAART VAN DER WALT is Vrydagaand amptelik as nuwe inwoner in Overs verwelkom. Hy is soos 'n man deur sy ontgroening, maar weens ouderdom is hy vroegtydig onthef. Weereens welkom aan ons nuwe Huisvader. Hy is voorwaar 'n aanwins vir die koshuis.

Die beker vir koshuiskrieket het sy regmatige plek bekom in Over-De-Voor se glaskas. Verder het ons eerste span, wat egter erg verswak is, 'n fanatieke stryd met Dorp se baie sterk eerste rugbyspan aangeknoop. Dorp was eintlik baie gelukkig om gelykop te speel.



Prof. Tjaart van der Walt wat onlangs ingelyf is as die nuwe koshuisvader van Over de Voor.

Die oulike dametjies van Vergeet-My-Nie was mos vermetel genoeg om Die Leeu van Over-de-Voor te verwyder. Hulle het hardnekkig geweier om dit terug te gee, maar nadat daar vir hulle 'n lekker interpolitoer gereël is, was hulle heel tegemoetkomend en het laag en nederig voor Die Leeu gebuik. Laat dit as 'n waarskuwing dien vir alle aspirant leeukriminele. Sterkte vir die week.

# CLIVE ULYATE

## Sportman en afrigter

**WANNEER mens aan Clive Ulyate dink, het jy 'n sportvisioen iewers in die gedagte. Die afgelope dekades het hierdie man, wat nou voltyds verbonde is aan die Puk se Sportinstituut as hokkie- en krieketafrigter, getoon dat hy een van dié veelsydigste sportmanne is.**

Beter bekend as voormalige rugby-Springbok, het hy ook begin uitblink as krieketspeler van formaat en speel ook in die Wes-Transvaalse liga muurbal.

Clive Ulyate is vandag 'n man van 42. Op veertigjarige ouderdom het hy dit weer begin oorweeg om klubkrieket te speel. Aanvanklik was hy huiwerig dit —was tien jaar laas dat hy klubkrieket gespeel het en het hy homself afgevra — kan ek nog?

Hy het egter volstoom ingegaan vir sy krieket en verlede seisoen het hy twee honderdtalle gemaak en hierdie pas afgelope seisoen nie minder as drie honderdtalle nie — en dit nogal onoorwonne. Twee hiervan het hy in wedstryde vir die PUK gemaak en een in 'n wedstryd wat hy vir Wes-Transvaal gespeel het.

Mnr. Ulyate sê dat hy fikser is as wat hy twee jaar gelede was en is van plan om nog fikser te word vir volgende jaar se seisoen. Muurbal het natuurlik grootliks hiertoe bygedra, veral met twee seisoene agter die rug.

Die akademie het ook nie tweede gekom by die sport nie. Clive Ulyate spog met 'n BA-graad wat hy aan Rhodes se universiteit ontvang het met hoofvakke — Engels en Latyn.

Op die oomblik is hy besig met Liggaamlike Opvoeding en Fisiologie — „Die swem is net 'n bietjie veelseisend na 'n lang sessie op die muurbalbaan."

Moenie verbaas wees as Clive Ulyae volgende jaar sy rekord verder gaan verbeter nie — daar — is nog baie plofkrag in hierdie man. Clive se vrou Sally, is op die oomblik ook verbonde aan die Sportinstituut in hoedanigheid van netbal- en hokkieafrigster.

# *VERTOLKING GOED*

**IS ONS SOOS ONS IS, 'n vertolkingsprogram wat van 20—24 Maart deur lede van die departement Spraakleer en Drama onder regie van Paul Schutte opgevoer is, het die soeklig laat val op die mens uit die alledaagse lewe.**

Die resultaat was 'n aand vol skerp satire, vol humor en lag en dinamiese vertolking. 'n Mens kon elke oomblik geniet en of jy saamgestem het met die beeld van die mens wat aan jou voorgehou is of nie, stof tot nadenke het die vraag, Is Ons Soos Ons Is, beslis gelewer.

Die samestelling van die program het baie tot die trefkrag van die vraag bygedra. Dit is besonder kundig saamgestel om die mens of 'n groep mense in besondere posisies en omstandighede uit te beeld, en daar is soms lekker die draak gesteek met dié besondere posisies.

Die eerste afdeling het op die jeug gefokus en op die onoorbrugbaarheid tussen jeug en ouderdom. Afdeling twee het dit gehad teen die skynheiligheid van die sogenaamde Christenmens en afdeling drie teen Afrikaners in aansienlike posisies. Die laaste afdeling het met dodelike erns onder die bytende satire gehandel oor Afrikanerskap, Patriotisme en Volksgevoel.

Die vertolking van die prosa en poësie in die betrokke afdelings het dan ook deurentyds by die tema daarvan gepas.

Die vertolking het tegniese vaardigheid van 'n hoë gehalte getoon en was baie beheersd. Die spraakritme was nêrens geforseerd nie en die gehoor se aandag is deurentyd behou.

Een van dié stukke wat vermelding verdien is Die Sous deur Hennie Aucamp. Al die deelnemers het hulle baie goed van hul taak gekwyt en die kostuums, musiek en choreografie het baie tot die dinamiek en geslaagdheid van die stuk bygedra.

Ons sê dankie aan die regisseur en sy spelers wat dit reggekry het om, met die hulp van M. M. Walters en sy kollegas se satiriese poësie, ons vir onsself te laat lag en te laat wonder, is ons soos ons is? — E.R.

# STOEIERS OP DREEF

**DIE Puk-stoeiers het Saterdag tydens hulle kragmeting met RAU, oortuigend as oorwinnaars uit die stryd getree. Die besoekers is geheel en al oorskadu met agt gevegte teenoor een.**

Die krag van die Pukke word veral weerspieël daarin dat sewe van die gevegte met valle gewen is. RAU kon slegs een geveg met punte wen.

Op 20 Maart het elf Pukke aan die Wes-Transvaalse stoeikampioenskappe in Klerksdorp deelgeneem. Daar is geskiedenis gemaak deurdat nege Pukke vir die Wes-Transvaalse span gekeur is. Hulle is Henning Vorster, Christo Löttering, Willie van Dyk, Corrie Wolmarans, Danie Bekker, Gert van Niekerk, Marius Logtenberg, Koos Liebenberg en Kruger de Beer.

Op 10 April stoei Wes-Transvaal teen Suid-Transvaal op Klerksdorp en die Paasnaweek sal die nege Pukke ook deel uitmaak van die Wes-Transvaalspan wat in Durban teen Natal kragte meet.

Gedurende die eerste week in Julie, vind die SAU-stoeitoernooi op die PUK plaas en daar word reeds kliphard reëlings getref. Die klub benodig egter nog soveel moontlik stoeiers om diepte te verleen.


WESVALIA BOEKHANDEL

ONS HET NET

WAARNA U SOEK

KOM OORTUIG USELF

Posbus 20060

Tomstraat 84 POTCHEFSTROOM Tel. 6660

—WP


# 4 PUKKE SPRING

VIER Pukke het verlede naweek die Junk Masters' kursus voltooi. Die kursus is gereël en aangebied deur Ned Luker — 'n Suid-Afrikaanse Veiligheidsoffisier wat ook op die Aeroklub se bestuur dien.

Om hierdie kursus suksesvol te slaag, moet valskermspringers eers tegniese toetse deurkom en daarna ook 'n praktiese toets. Die manne wat hierdie kursus geslaag het, is Pepsi van Vuuren, Lampies Lamprecht, Douglas Olivier en Schalk Botha. Hulle mag nou mense wat statiese lynspronge doen, uit die vliegtuig help terwyl daar 'n instrukteur op die grond is. Hulle is dus nog nie ten volle gekwalifiseerd as instrukteurs nie, maar is op die goeie paadjie soontoe.


Stel u belang in die

Filmwêreld

SLUIT AAN BY

CINE PUK

KOOP 1975 SE

BESEMBOS

by die

S.S.R.-KANTOOR

— U sal nie spyt wees nie!

Adverteer in die WAPAD

AS U GELD STU-KRAG VRA.



*Ontmoet ons universiteitsman — Mnr. Christo Holtzhausen*

Dis niè speletjies om geld te belê nie. Vandag nog minder as voorheen. Want deesdae moet u geld inflasie kan hokslaan.

Dus, voor u sommer in enige spaarrekening gaan geld belê, vra uself eers af:

(i) Kry ek die hoogste beskikbare rentekoers?

(ii) Is daar dalk versteekte finansiële koste wat my rentekoers verminder?

(iii) Word my rekening maandeliks met die rente gekrediteer – of net een keer per jaar? (As u maandeliks gekrediteer word soos by Nedbank, verdien u spaargeld saamgestelde rente, en u belegging groei soveel vinniger.)

(iv) Word ek beskerm teen 'n skielike daling in rentekoerse – en gaan ek baat as die koerse weer klim?

(v) Kan ek geld trek as ek wil?

U sal vind Nedbank weet die beste raad met u spaargeld. Wát u besondere behoefte ook al mag wees. En as u eers 'n Nedbanker is, sal u 'n Nedbanker bly.

*Wanneer daar onmiddellike deskundige advies oor studente se geldsake, versekering, reis en dies meer verlang word, sal u vind dat julle mekaar verstaan.*

*Vir volledige inligting oor ons Universiteitsdiens en vir vinnige besluite, sien Christo Holtzhausen by Nedbank in Potchefstroom of skakel hom by 4354.*

*Wat u planne ook al is, een manier om in die lewe vooruit te kom is om die regte mense te ken.*

Nedbank Beperk
Geregistreerde Handelsbank
**'n Lid van die Nedsual-groep.**

DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS

NEDBANK

**Die Nedbankers**

